

*MARTINA VILJOEN is 'n medeprofessor in musikologie aan die Odeion Skool vir Musiek, Universiteit van die Vrystaat, en ook die programdirekteur van hierdie afdeling. Sy gradueer met 'n interdissiplinêre doktoraat, publiseer plaaslik en internasionaal oor himnologiese en musikologiese temas, asook oor musiekestetiese onderwerpe, en was die gasredakteur van 'n spesiale uitgawe van die* International Review of the Aesthetics and Sociology of Music *(Junie 2005). Meer onlangs neem sy deel aan 'n internasionale projek oor Suid-Afrikaanse kwaito-musiek, en is sy die projekleier van 'n NNS-fokusarea-projek getiteld South African Music as a Pluralistic Construct: Perspectives on Teaching, Performance and Research. Martina Viljoen is 'n NNS-gegradeerde navorser, en lid van die internasionale RILM span. Sy het 'n besondere belangstelling in kerkmusiek, en was vir meer as 'n dekade en 'n half orrelis by die Bloempark Gereformeerde Gemeente in Bloemfontein. Sy tree ook by geleentheid as konsert-orrelis op.*

# KLAAGPSALMS AS LITURGIESE HANDELING

MARTINA VILJOEN

Odeion Skool vir Musiek, Universiteit van die Vrystaat

## ABSTRACT

In the context of white Afrikaans Reformed worship, the subject of pain is often avoided, and a mechanism for the expression and acknowledgement of suffering absent. In this article the work of a number of scholars, who argue that the psalms provide an outstanding model for the expression of both communal and individual lament, is discussed. The structure of psalms of lament is investigated with regard to its propensity for meaning making and is found to be more or less generic, in which lament transforms into praise. Bratcher (2011) reads this as a 'structure for life'; similarly, Futato (1999) understands the macrostructure of the Book of Psalms as an analogy for a movement from suffering to glory.

In his theological application of this interpretation, Futato argues that the Book of Psalms may also be understood as an analogy for the path to glory that Jesus walked through suffering. He argues that inexplicable human suffering has a place in the Book of Psalms and that this place precedes the glorious doxology at the end of the book. Thus, the structure of the Book of Psalms teaches us that the inexplicable suffering we endure in this life is in some mysterious way also part of our path to glory.

From the perspective of this point of departure, ways in which psalms of lament may be incorporated into contemporary Reformed worship are discussed, as well as their relevance within the postmodern context. It is found that the psalms of lament offer a model for liturgical prayer in times of crisis that may be adapted in imaginative and resourceful ways in public worship today.

## INLEIDING

> We sing songs serving the ideology, even though it requires denial. We engage in these acts of praise which in fact are acts of guilt, acts of denial. But the pain lingers, unattended, unhonored. Our devout singing is all in praise of some unapproached, inaccessible Hereafter, without a knack for the Here so pained. We either sing lustily, still believing the ideology and trusting in idolatry. Or we sing tepidly, knowing better. But tepidly or lustily, we lack the singing which engages us in the claims of time and sorrow.
>
> Brueggeman (1989:135-136).

In 'n televisie-onderhoud oor die onderwerp van pyn konstateer Walter Brueggeman dat ons in 'n wêreld leef waarin 'n direkte konfrontasie met ervarings van pyn en verlies liefs vermy word. Ironies genoeg is daar, volgens Brueggeman, spesifiek in die konteks van gestruktureerde gereformeerde aanbidding, dikwels weinig of geen meganismes om die belewing van pyn aan te roer of selfs te erken nie. Volgens Brueggeman kan genesing slegs begin wanneer pyn op 'n eerlike wyse uitgespreek en erken word, en is dit die kerk se taak om 'n gepaste liturgiese konteks hiervoor te skep.

Dit is egter dikwels moeilik om pyn te verwoord, aangesien dit wil voorkom of intense smart die subjek stom laat. Janelle Hertzler (s.a.) siteer in hierdie verband die bekende voorbeeld uit William Styron (1980:506) se novelle *Sophie's Choice*, waarin die jong aspirantskrywer, Stingo, per trein vanaf Washington na New York reis nadat hy die nuus van sy twee intieme vriende se selfmoord verneem het. Sy ontsteltenis en droefheid is so oorweldigend dat hy 'n swart reisgenoot nie op haar vraag na sy welstand kan beantwoord nie. Hierop bring sy haar Bybel te voorskyn, en lees hulle Psalm 88 hardop saam. Stingo is steeds in die greep van sy droefheid, maar die psalmis se woorde gee gestalte aan sy smart wat 'n konkrete vertroosting in hierdie moment van ontreddering bring.

Indien die psalms vanuit 'n empiriese hoek bestudeer word, kan daar waargeneem word dat verskillende tipes of kategorieë hiervan bestaan. Só is daar byvoorbeeld lofprysingspsalms (waarvan Ps 150 moontlik die mees uitnemende voorbeeld is); Psalms van vertroue (soos Ps 23); dankpsalms (Ps 68); "koninklike" psalms (Ps 2); "didaktiese" psalms (Ps 119) en klaagpsalms ('n goeie voorbeeld is Ps 18). Ofskoon die klaagpsalms amper die helfte van die totale aantal psalms beslaan, het die gebruik van hierdie kategorie grotendeels uit kontemporêre Christelike aanbiddingspraktyke verdwyn (vergelyk Hertzler s.a.). Westermann (1980:23vv.) dokumenteer dat klaag- en lofpsalms die twee dominante tipe "tonaliteite" is wat die psalms van Israel kenmerk, maar dat die klaagpsalms in getal oorheers. Die beduidendheid van die psalms lê, volgens hierdie outeur, in die feit dat dit as persoonlike belydenisse van werklike mense in werklike lewensituasies ontstaan het (Westermann, 1980:24):

> Thus in the Psalms is reflected the life of the individual and of the people in all its diversity. They reflect life with its depths and heights, life lived in manifold environments between the sea and the mountains, life lived in common with trees, animals, and fields, life lived in the context of the vast history which extends from creation to God's advent to judge the world.

Westermann (1980:24) gaan voort deur te stel dat die lewe van die individu binne hierdie breëre konteks 'n ewe belangrike plek in die psalms beklee. Die psalms reflekteer naamlik die individu se vreugde en smart soos ervaar vanaf geboorte tot en met dood, sodat dit alle lewenservaringe en –kontekste insluit, soos onder meer werk en feesviering, slaap en ontwaking, siekte en herstel, mislukking, angs, vertroue, versoeking, wanhoop en vertroosting.

Die psalms spreek dus ook die onreg daarvan aan dat regverdige gelowiges in die hande van goddelose boosdoeners val.

## DIE STRUKTUUR VAN KLAAGPSALMS

Nieteenstaande die outentieke aard van die klaagpsalms as uitdrukkings van menslike nood is hierdie psalms nie bloot rou, spontane smartkrete nie. Hertzler (s.a.) wys daarop dat hierdie psalms gebede met 'n spesifieke struktuur is wat nie alleen ruimte vir die eerlike erkenning en uitstorting van ervarings van ontreddering laat nie, maar ook vir 'n nuwe oriëntasie ten opsigte van die situasie, en vir persoonlike transformasie. Hierdie gedagte word uitgebou wanneer Bratcher (2011) die struktuur en gestandaardiseerde modi van uitdrukking in die psalms as betekenisgewend karakteriseer. Brueggeman (1984:54vv.) ontleen sy strukturele uitleg van die klaagpsalms aan die voorafgaande studie van Westermann (1981:266-305) – 'n struktuur wat meer onlangs ook in Bratcher (2011) aangetref word. Bredenkamp (1981:134) toon dat hierdie struktuur histories baie ver teruggryp, en onder meer ontleen is aan die invloed van Naby-Oosterse literêre vorme wat die psalms in vorm sowel as inhoud beïnvloed het. Tematies kan die volgende tipes psalms onder die genre van klaagpsalms ingedeel word:

- Psalms met persoonlike lyding as tema (Psalm 22; 38; 102)
- Psalms oor vyande (Psalm 13; 22; 23; 42; 140, om slegs enkele voorbeelde te noem)
- Psalms waarin skuld bely word (Psalm 6; 32; 38; 51; 69; 102; 130)
- Psalms waarin vertroue uitgespreek word (Psalm 23; 27; 62; 71; 131).

Volgens Brueggeman (1984:54) se uitleg bevat die klaagpsalms 'n duidelik onderskeibare A- en B-gedeelte (onderskeidelik verteenwoordigend van 'npleidooi en 'n lofprysing):

### A. Pleidooi (die roep om God se hulp)

- Die klaer wend hom/haar tot God: Die hulproep word tot God as bekende en vertrouenswaardige Vader gerig – dit is intiem en persoonlik van aard.
- Klag: Hier word die nood duidelik geskets, hetsy siekte, isolasie, onmin, vernietiging, ensovoorts. Westermann (1981:176) toon dat die aanklag teen God 'n oorheersende tema van die sogenaamde kommunale klaagpsalm is; in die individuele klaagpsalm is die "klag" dikwels God se swye en die feit dat die aanroeper nie dieselfde direkte kommunikasie met God ervaar as wat in die verlede die geval was nie (Bredenkamp, 1981:146).
- Versoek: Hierdie element van die klaagpsalm beskryf Brueggeman (1984:54) as die mees intense element van die psalm, aangesien daar nou 'n dringende beroep op God gedoen word om aktief in te tree en 'n oplossing te bied.
- Motivering: In hierdie gedeelte van die klaagpsalm word 'n motivering gegee waarom die beroep op God gedoen word – volgens Brueggeman (1984:55) toon hierdie gedeelte die desperaatheid van die aanroeper op die mees duidelike wyse, en grens die proses van onderhandeling met God hier soms bykans aan omkoping of intimidasie. Brueggeman (1984:55) wys egter daarop dat die toon van hierdie afdeling suggereer dat die aanroeper en God in 'n verhouding van "gelykheid" en diepe gemeensaamheid staan. Die belangrikste motiverings wat in hierdie gedeeltes gevind word, is die belydenis van onskuld, die belydenis van skuld met die doel om vergifnis en versoening te verkry, God se goedheid soos aan vroeëre generasies betoon, die aanroeper se vermoë om God te prys, en God se eie krag en alvermoë.
- Vervloeking: Hier word uitinge ingesluit wat nie gewoonlik in religieuse diskoers 'n plek gegun word nie. Onder meer word gevoelens van wraaksugtigheid en afkeer uitgespreek waarvan daar slegs afstand gedoen sou word indien God diegene wat die aanroeper verontreg het,

sou straf. Westermann (1981:52) sluit in sommige gevalle ook die vervloeking, soos in Psalm 80:17-18, by die versoekgedeelte in, en tipeer dit as die dubbele wens *("double wish": "… a wish or a petition that simultaneously is expressed in two directions, May God do thus to our enemies; may God do thus to us").*

## B. Lofprysing

Brueggeman (1984:56) beskryf hierdie gedeelte van die treurpsalm as "verrassend" – en as dié mees opsienbarende aspek van die Ou-Testamentiese literatuur in geheel. Hiermee bedoel hy dat die aanroeper se sentiment onverwags en dramaties verander. Die uitroepe van smart, ontreddering, woede en verwyt is verby en maak plek vir uitsprake van vreugde, dankbaarheid en lofprysing. Westermann (1981:55) beskou hierdie gedeelte van die klaagpsalm as "*(t)he most constant of all parts […] it is never missing*".

Hierdie gedeelte van die klaagpsalm bevat die volgende afdelings:

- Versekering dat die aanroep gehoor is: In die klag soos hierbo geskets, word God dikwels daarvan beskuldig dat Hy afwesig, afgesonder of ontegemoetkomend is. In hierdie afdeling word God se alomteenwoordigheid egter opnuut bevestig.
- Nakoming van beloftes: Hier onderneem die aanroeper om beloftes wat in die pleidooi gemaak is, na te kom. Brueggeman (1984:56) beskryf hierdie gedeelte as 'n konkrete "geloofsdaad". Westermann (1981:64) sluit onder hierdie afdeling ook die belofte om God te prys in.
- Doksologie en lofprysing: Hierdie moment beskryf Brueggeman (1984:56) as die belangrikste oomblik van oplossing (verlossing) in die psalm – en as dié belangrikste moment van die erkenning van God se grootheid en almag. Bredenkamp (1981:123) beskryf hierdie gedeelte as "Danksegging" waaronder hy formules van dankbaarheid en van seën insluit.

Dit is betekenisvol dat Brueggeman (1984:56) die A- sowel as B-gedeeltes van die klaagpsalm as 'n legitieme en "daadwerklike" interaksie tussen die aanroeper en God beskou:

> … each part of the psalm must be taken "realistically" as reflective of a real moment in this relationship. Thus the sequence of *complaint-praise* is a necessary and legitimate way with God, each part in its own, appropriate time. But one moment is not less faithful than the other. The doxology makes clear that things are changed. The movement of the poem traces and evokes and makes possible the movement of the relationship. It is the honest address to God that moves the relationship to new possibilities of faithfulness that can only be reached through such risky honesty. In the full relationship, the *season of plea* must be taken as seriously as the *season of praise*.

Ofskoon die bogemelde struktuur duidelik waarneembaar in die klaagpsalms as genre is, is dit belangrik om daarop te let dat hierdie struktuur nie rigied in alle voorbeelde van hierdie genre toegepas word nie; 'n beduidende mate van vryheid en variasie kan in individuele psalms waargeneem word. In hierdie verband verduidelik Bratcher (2011) dat daar geen onvermengde psalmvorms bestaan nie, ofskoon sommige psalms suiwerder voorbeelde van bepaalde psalmkategorieë mag wees. Die psalms is volgens hom aan die hand van vrye modelle geskryf, wat verstaanbaar is as daar in gedagte gehou word dat die psalms nie oorspronklik as literêre stukke geskryf is nie, maar as spontane gebede wat binne "lewende" gelowige gemeenskappe gebruik is.

## KOMMUNALE EN INDIVIDUELE KLAAGPSALMS

Verskeie studies tref 'n onderskeid tussen kommunale en individuele klaagpsalms (sien onder meer Westermann, 1980:25; Westermann, 1981:165vv.; Brueggeman, 1984:51vv.; Brueggeman, 2005:593vv.; Bratcher, 2011). Westermann (1980:29vv.) sonder Psalm 44, 74, 79, 80 en 89 uit as kommunale klaagpsalms, terwyl hy toon dat Psalm 82, 85, 68, 90, 106 en 115 motiewe van of herinneringe aan die eersgenoemde groep kommunale klaagpsalms oproep. Aangesien daar in die profetiese Bybelboeke volledige voorbeelde van kommunale klaagpsalms verskyn (Westermann [1980:29] siteer die voorbeelde van Jeremia 14; Jesaja 63:7-64; Habakkuk 1) en die rituele konteks van 'n lament ook elders uitvoerig beskryf word (byvoorbeeld in Joël 1-2), is dit duidelik dat die liturgiese gebruik van kommunale klaagpsalms vir Israel 'n erkende aanbiddingspraktyk was. Spesiale vasdae en die aanwending van klaagpsalms was egter nie volgens 'n vaste liturgiese kalender geskeduleer nie; hierdie geleenthede het na aanleiding van'nspesifieke krisis plaasgevind, byvoorbeeld droogte, 'n plaag, 'n nederlaag, of die vernietiging van 'n stad of van 'n tempel (Westermann, 1980:30-31).

Voorbeelde van individuele klaagpsalms, wat verreweg in die meerderheid is, kan gevind word in Psalm 3-17 (met uitsondering van Psalm 8, 9 en 15), Psalm 22-28 (met uitsondering van Psalm 24), Psalm 31, Psalm 35-43 (met uitsondering van Psalm 37 en 40A), Psalm 51-64 (met uitsondering van Psalm 60), Psalm 69, 71, 73, 86, 88, 102, 109 en die welbekende voorbeeld van Psalm 130 (Westermann, 1980:53). Bratcher (2011) tref 'n verdere onderskeid tussen boetpsalms waarin die aanroeper sondeskuld bely (byvoorbeeld in Psalm 6, 38, 51, 130), en die meer radikale wraakpsalms (byvoorbeeld Psalm 17, waar onheil nie alleen op die vyand afgebid word nie, maar ook op hulle kinders en kindskinders).

Westermann (1980:53) voer aan dat die individuele klaagpsalms gebede vir liturgiese gebruik is. Aangesien die vorme en variant-vorme van hierdie psalms so veelvuldig is, moet die liturgiese aksies waarvan dit deel uitmaak, egter nie eensydig gedefinieer word nie. Wat formele struktuur betref, stem die individuele klaagpsalm met die kommunale klaagpsalm ooreen: die pleidooi met sy aanhef tot God, die klag in sy drievoudige vorm, en die lofprysing waarin geloofsvertroue voorop staan. Soos Westermann (1980:59) verduidelik, is dit veral ten opsigte van laasgenoemde aspek dat die individuele klaagpsalm van die kommunale klaagpsalm verskil; in sommige individuele klaagpsalms word daar slegs 'n belofte gemaak om God weer te prys, terwyl ander eindig met die wete dat God die aanroeper "gehoor" het.

In enkele gevalle eindig die psalm "oop" omdat die aanroeper nog op 'n antwoord wag. Bredenkamp (1981:127) maak 'n belangrike stelling wanneer hy postuleer dat hierdie "oop verwagting" 'n demonstrasie van diepe geloofsvertroue is – en dat hierdie vertroue op die aanroep van God se naam berus (vergelyk byvoorbeeld Psalm 63:5). Lee (2005:226) redeneer dat hierdie geloofsvertroue op die Ou-Testamentiese verbondsbegrip berus – en volgens haar staan hierdie diepe vertroue aan die hart van die oorgang van klaagpsalm na lofpsalm: "An obvious feature of Individual Lament Psalms is that they are prayers written in the first person singular, in the persona of one who complains of dire troubles, and are addressed to a deity apparently capable of rescuing individuals from the trouble". Hierdie waarneming suggereer dat die wisselende aanspreekvorme in terme van die Ou-Testamentiese verbond verstaan kan word wat 'n kernbegrip in Ou-Testamentiese denke is en die verhouding tussen die Godheid en die verbondsvolk ten diepste omvat.

Hierdie interpretasie sluit aan by Bratcher (2011) se gesigspunt dat die sekwens "lament-todah" (klaaglied-lofprysing) nie op 'n simplistiese manier as 'n tipe "asseblief-dankie" gesien moet word nie; die werklike impak van die volgorde is dat God as die ewigdurende bron van alle goedheid en as Verbondsgod erken word. Hiermee bedoel Bratcher (2011) dat die

lofprysing waarin die klaagpsalm oorgaan as 'n diepgaande teologiese belydenis gesien moet word eerder as 'n oppervlakkige soort "dankie" vir 'n eenmalige positiewe ervaring.

## DIE LITURGIESE FUNKSIE VAN KLAAGPSALMS IN POSTMODERNE AANBIDDING

Die uitleg hierbo trag om 'n oorsig oor die tipes klaagpsalms en die strukturele aspekte daarvan te gee. As deel van die uiteensetting is die funksie en betekenis van die klaagpsalms toegelig. Ofskoon die belangrike rol van die klaagpsalms in Israel se geestelike lewe deurlopend beklemtoon is, asook hoe eksistensieel dit ten opsigte van die uitdrukking van kommunale sowel as individuele geloofsbelewenis was, laat die verskraalde gebruik van hierdie psalms binne huidig aanvaarde aanbiddingspraktyke ons met die vraag na die betekenis daarvan in postmoderne aanbidding.

Bratcher (2011) se bespreking van akademiese benaderingswyses tot die psalms verskaf nie alleen waardevolle insig in die genre van die klaagpsalm nie, maar word uitgebrei om aan te dui dat dit juis die formele aspek van die klaagpsalms is wat 'n betekenisoordrag na die huidige, postmoderne tyd moontlik maak. Hy kritiseer vroeëre historiserende benaderings soos dié van Gunkel wat die psalms bloot kategoriseer en dit dan vanuit 'n historiese plasing in die lewe van antieke Israel verklaar (die sogenaamde Sitz im Leben-benadering). Volgens Bratcher is hierdie kontekstualisering te spekulatief van aard, en meen hy dat 'n fokus op die Bybelse teks as "literêre" dokument meer betekenispotensiaal vir huidige aanbidders inhou:

> So, there is not as much focus on the "original" life setting of a psalm, except in limited ways as some continue to explore the liturgical setting of the psalms. Yet, the concern with the genre of the Psalms has itself proven to be a valuable tool in understanding the Psalms, simply because we understand that the form of the Psalms is related to their function. That is, a lament psalm that expresses pain to God and asks for help takes on a certain pattern for addressing God, for presenting the problem, for moving to petition, and then affirming trust. The form of this kind of prayer provided the structure in which to express these feelings.

Bratcher (2011) voer verder aan dat die erkenning dat 'n bepaalde psalm op die struktuur van'n weeklag berus die funksie van die psalm onafhanklik van die teks-inhoud bevestig. Hierdie strukturele plasing van so 'n psalm dien ook tot'n verdieping van die begrip van die stereotipe konsepte en begrippe wat eie aan die klaagpsalms is, en waardeur bepaalde beelde, metafore of ander literêre eienskappe van die teks verstaan kan word. Die struktuur van hierdie psalms dien dus die funksie van die gebed – en dit is op hierdie vlak waarop die psalm vir ons vandag spesiale betekenis verkry.

Hoewel Bratcher (2011) nie hiermee wil sê dat die historiese of kulturele plasing van 'n bepaalde psalm onbelangrik vir die betekenis daarvan is nie (dit is byvoorbeeld belangrik om te weet dat Psalm 137 uit die tydperk van die Babiloniese bannelingskap kom – of om te weet dat Psalm 2 by die kroning van 'n koning gesing was), plaas hy groot klem op die feit dat die psalms – insluitende die klaagpsalms – universeel toepasbare teologiese betekenis dra. Ook dui die feit dat hierdie gebede deur die eeue heen musikaal voorgedra, en in 'n verskeidenheid van aanbiddingskontekste gesing was, op die merkwaardige dinamiek en toeganklikheid daarvan: "The Psalms are worship material, much as our modern prayer books or hymnals. And worship is a dynamic activity. Prayer is most often a response to experience, and that experience of the people as a part of a worshipping community must govern any study or application of the Psalms" (Bratcher, 2011).

Volgens Bratcher (2011) was die psalms nie as abstrakte of spekulatiewe teologie daargestel nie; eerder was dit spontane uitinge van mense in reaksie op hul ervaringe van die goeie en die slegte aspekte van hul aardse bestaan. Enige uitleg van die psalms wat hierdie funksie van die psalms miskyk of ontken, loop die gevaar om die betekenis en impak van die psalms mis te verstaan.

Jeremias (2004:93) maak 'n ewe belangrike waarneming wanneer hy aanvoer dat die oudste tekste in die Ou en Nuwe Testament liedere is en dat hierdie liedere nie 'n produk van teologie is nie, maar eerder bronne waaruit reële teologiese betekenis voortgespruit het. In hierdie opsig lig hy die eksistensiële aard van veral Ou-Testamentiese liedere uit: "There is no hymn in the Old Testament without the tendency to portray knowledge, without the tendency to theologize. There is no hymn in the Old Testament that merely enumerates experiences of God without reflecting on what they mean for humanity".

Jeremias (2004:93) bevind in hierdie opsig dat Psalm 13 ("Hoe lank nog, Here?") – wat allerweë as 'n "model" vir die individuele klaagpsalm beskou word – van sodanige toepasbare teologiese kennis oor God spreek. Hy fokus veral op Psalm 13:6 wanneer hy die woorde "Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het" soos volg interpreteer:

> When people in need confess that they not only trust Yahweh as a person, but specifically his [endless steadfast love] – as in Pss. 13.6 and 52.10 – they are referring to the truth of the hymn that Yahweh's kindness is not merely an experience of good and happy days. It is an experience that is 'everlasting', even when nothing is felt and Yahweh seems silent to the person praying to him (Jeremias 2004:93).

Bratcher (2011) beklemtoon eweneens die tema van geloofsvertroue wat soos 'n goue draad deur die klaagpsalms loop. Vir hom is die teologiese belang van die klaagpsalms juis daarin geleë dat hierdie liedere 'n onwrikbare vertroue in God demonstreer ten spyte van sy afwesigheid, en ten spyte van enige tasbare bewys van sy teenwoordigheid in 'n gebroke wêreld vol lyding.

In sy oordenking van die vraag na die sin van lyding bevind Futato (1999:24) dat die klaagpsalms ten minste 'n gedeeltelike antwoord op die onverklaarbare misterie van God se skynbare afwesigheid bied. Hy bestudeer die klaagpsalms in hulle breër konteks binne die Ou-Testamentiese Psalter as geheel en toon dat die eerste groep psalms feitlik as "smartpsalms" beskryf kan word. Hiermee bedoel hy dat die dominante tenor van die vroeë psalms dié van intense menslike lyding is (vergelyk byvoorbeeld Psalm 3-7, 10, 13).

Hierteenoor bevind Futato (1999:24) dat die laaste aantal psalms in die psalmbundels vir gemeentesang ook in 'n "crescendo van lofprysing" eindig. Só begin Psalm 144 met die woorde "Geloof sy die Here", terwyl die eerste en laaste verse van die berymde weergawe van Psalm 145 lofprysing kwalik meer juigend kan oordra:

> U Naam, O Heer, so hoog in heerlikheid
> wil ek verhef vir ewig en altyd
> U Koningseer wat alle krone oorstraal
> wil ek verhoog in onvermoeide taal.
>
> Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...
> Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!
> Laat alle vlees vir ewig en altyd
> sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!

Futato (1999:24) wys tereg daarop dat Psalm 150 die hoogtepunt van die lofprysings-

"crescendo" vorm – waarin musikale terme en metafore ryklik figureer, en die laaste vers in 'n allesomvattende jubeling eindig:

Loof God – dit is sy bevel –
met die helder simbelspel!
Loof hom met die klinkmetaal
van die vrolike simbaal!
Loof die Heer en gee Hom ere –
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die Here!

Futato (1999:25) lees in hierdie makrostruktuur van die Psalmboek 'n duidelike oorgang van klaaglied na lofprysing – of, anders gestel, van lyding na heerlikheid. Uiteraard vorm hierdie transformasieproses nie slegs deel van die oorkoepelende struktuur van die Psalmboek nie, maar word dit ook, soos hierbo telkemale uitgewys, in die individuele struktuur van die klaagpsalms aangetref.

Volgens Futato (1999:25) se teologiese toepassing kan die transformatiewe "geloofspad" van die Psalmboek ten beste na analogie van Christus se lyding verstaan word. Hierdie stelling maak hy aan die hand van Psalm 22:1-21 as vooruitskouing op Christus se kruisiging – en interpreteer hy die glorie van Psalm 22:22-31 as tekenend van Christus se oorwinning. Futato beroep hom op verskeie Nuwe-Testamentiese tekste ter stawing van sy stelling dat die pad na saligmaking langs die weg van lyding geskied (vergelyk Romeine 8:20; 1 Petrus 3:17; 4:15,19; verse wat volgens hom reeds in Psalm 119:67 en 71 vooruitgeloop word).

Futato (1999:25) se idee van lyding as 'n transformatiewe geloofsproses van "gehoorsaamheid" kan histories teruggevoer word na geloofstradisies wat op radikale innerlike transformasie fokus, onder meer die Middeleeuse Rooms-Katolieke tradisie, en meer spesifiek die oortuigings van die sogenaamde Ceciliaanse kultus. Connolly (1994:86) se uitgebreide studie van hierdie konteks dui aan dat die geestelike "reis" vanaf weeklag na vreugde as skematies van die transformasie van die menslike siel, en die van oorgang vanaf verlorenheid na redding gesien kan word.

Hoe verstaan ons hierdie (Bybelse) begrip in 'n postmoderne tyd waarin aanvaarde aanbiddingswyses grotendeels op positiewe emosionele belewenis sentreer, en media vanuit alle uithoeke van die aarde hierdie persepsie versterk en verkondig? En hoe verstaan ons die begrip in terme van postmodernisme se diepe (epistemologiese) verbintenis tot relativisme, waarin "waarheid" enige gestalte mag aanneem; waarin die Bybel slegs nóg 'n "storie" word, en waarin die individu oorweldig word met 'n veelvoudigheid van kontekste, invloede, impulse, asook identifikasies en "dis-identifikasies"? Ward (1998:xv) beskryf die kuberruim as die mees ekstreme postmoderne konteks, waarin die individu 'n "goddelike" status aanneem en enige denkbare konteks anoniem en sonder identiteit kan "betree" en "beheer" kan word. Binne hierdie konteks word realiteit totaal vloeibaar, en word "goddelikheid" in enige vorm versekulariseer. Die oorweldigende aanspraak op kits-oplossings wat in hierdie "wêreld" geld, verklaar moontlik waarom meer emosioneel-gedrewe aanbiddingsparadigmas, of aanbiddingsvorme wat met die idee van welvaartsgodsdiens geassosieer word, huidiglik wêreldwyd soveel veld wen. Musikaal gesproke staan "lofprysing" – of die sogenaamde "praise and worship" – sentraal tot hierdie tipe religieuse belewing, en het die liturgiese inhoud van die klaagpsalms, spesifiek, weinig by te dra.

Bratcher (2011) meen egter dat klaagpsalms ons leer dat lofprysing in die konteks van weeklaag vandag net so belangrik soos lofprysing in die konteks van doksologie is – 'n argument

wat hy op die feit baseer dat daar aansienlik meer klaagpsalms as enige ander tipe is, en op die feit dat die psalms in geheel opgeneem is in 'n boek waarvan die naam in Hebreeus (*t^e^hillim*) "lofprysing" beteken:

> This suggests that our modern ideas of praise as a positive emotion are much too narrowly conceived. It also suggests that laments, with all the pain, grief, despair, even anger that they express, are just as much acts of worship and faithfulness to God as are the more socially acceptable and popular positive expression of hymns. This fact is a crucial theological truth that is in danger of being lost in some circles of the church that only values the positive. The simple fact is, not all of life is positive, but all of life comes under God in these prayers.

## VORME WAARIN KLAAGPSALMS GESING WORD

Vanuit himnologiese studies blyk dit dat psalms in die Bybelse tyd waarskynlik volgens die Joodse tradisie deur 'n kantor gesing was, met 'n "antwoord" deur die gemeente (Box, 1996:17). Middeleeuse bronne (vergelyk McKinnon, 1987 se navorsing) dui egter daarop dat psalmsang, benewens hierdie responsoriale uitvoeringspraktyk, ook afwisselend (antifonaal) deur verskillende groepe uitgevoer is. In die vroeë kerk is die spraaksangtradisie van die Joodse tradisie behou, en het hierdie tradisie mettertyd aanleiding gegee tot die psalmodie van die Grieks-Bisantynse liturgie, wat hoofsaaklik uit monotone melodieë met kadensiële infleksies bestaan het, asook tot Ambrosiaanse gelyksang waarin psalms hoofsaaklik monotoon gesing was, maar met 'n intonasie aan die begin en einde van frases (Box, 1996:19).

Die herlewing van responsoriale psalmsang gebaseer op monotone resitering met 'n infleksie op die laaste aksent van elke reël, word vandag hoofsaaklik in Rooms-Katolieke en Anglikaanse aanbiddingskontekste gehandhaaf. Hierby word ook die Joodse tradisie om psalms in hulle geheel te sing, behou. Deurdat die teks responsoriaal benader word, kan die verskillende "inhoude" van die verse ten spyte van die spraaksang tog afwisselend geïnterpreteer word – selfs in uitgebreide psalms met talle verse. Hierdie uitvoeringswyse beklemtoon nie alleen die tekstuele inhoud van die psalms op indringende wyse nie, maar verleen ook 'n egtheid aan die realisering van die woorde wanneer die gemeente aan die psalmsang deelneem (die psalms word "opgevoer" en opnuut "vertel").

In die metriese psalms van die gereformeerde tradisie word die tweeledige struktuur van die klaagpsalms met sy oorgang van klaaglied na loflied nie in die musikale toonsetting daarvan weerspieël nie (kyk ook Jankowitz & Kruger, 2010:1-10 en Jankowitz, 2009: 119 en verder). Sonder om hier op die uitgebreide polemiek van die singbaarheid van die Geneefse Psalms of op polemiese aspekte van die onderskeie Afrikaanse berymings in te gaan, word volstaan met die gegewe dat die psalmmelodieë, soos dit in die Afrikaanse gereformeerde kerke gesing word, 'n sterk horisontale en modale karakter het aangesien dit oorspronklik in unisoon en sonder begeleiding uitgevoer was. Omdat dieselfde melodie vir die onderskeie verse van 'n bepaalde psalm gebruik word, is daar dus, wat toonsetting betref, geen musikale verskil tussen die "weeklag-" en "lofprysingsgedeeltes" van die klaagpsalms nie, en sou dit by die orrelis berus om die verskil in inhoud en betekenis aan die hand van verskillende registrasies te interpreteer.

Hierdie musikaal tegniese aspekte van klaagpsalms maak die liedere nie minder outentiek binne hierdie bepaalde konteks nie – moontlik juis omdat die Afrikaanse berymings 'n betekenisvolle rol speel om die Bybelse gegewens nader aan ons leefwêreld te bring. Uiteraard is melodieë, soos dié van Psalm 22, 38, 42, 51 en 86, uiters gepaste musikale verklankings van die klaagtekste. Nietemin is dit interessant om daarop te let dat die woorde van die klaagpsalms baie meer universeel met menslike smart omgaan, terwyl die lofpsalms meer gelokaliseerde

en selfs geografies herkenbare leefwêrelde skets. In hierdie opsig maak laasgenoemde groep psalms dit vir die berymer moontlik om die konteks as Afrikaans of "van Afrika" in te klee. Só speel J.D. du Toit se 1936-beryming van Psalm 104, verse 2 en 11, ofskoon dit die Naby-Oosterse begrippe behou, met plaasbeelde waarmee die Afrikaanse lidmaat vertroud sou wees – selfs al val die taalgebruik tans vreemd op die postmoderne oor:

U mantel is van sonneglans
u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis
is in die wolke, hooggehys

Sipresboom, slanke woudpilaar,
'n huis is vir die ooievaar;
op berg en rots se hoogste top –
daar spring die das en steenbok op.

Soortgelyk kan die laaste vers van T.T. Cloete se beryming van Psalm 65 onmiskenbaar in Afrika geplaas word:

U maak ons koringlande vrugbaar,
die grond is week gereën,
sag deur die kluite loop die ploegskaar,
oorvloedig is u seën.
Vol water is die groot riviere,
die grasvelde staan ruig,
daar's volop weiding vir die diere,
die aarde sing en juig.

Die meer universele konteks van Psalm 13, hier in T.T. Cloete se 2001-beryming, plaas die noodroep van hierdie klaaglied egter op 'n ander (eksistensiële) wyse in die kader van outentieke religieuse belewing:

Hoe lank gaan U, o Here, my vergeet?
Ek vra of U van my nog weet.
Hoe lank gaan U van my af weg bly kyk?
Moet al my dae kommervol verstryk?
Moet ek my planne self berei?
Hoe lank sal ek nog van die vyand lei?

Witvliet (1997) suggereer dat daar ook ander konkrete maniere is om binne die gereformeerde konteks outentiek met die klaagpsalms om te gaan. In teenstelling met die gebruik om slegs 'n geykte aantal losstaande psalm-sitate in tye van smart en nood byderhand te hou, stel hy voor dat die klaagpsalms na gelang van 'n spesifieke tragedie in die erediens as gesamentlike eskatologiese gebede gebruik word. In hierdie opsig noem hy as voorbeeld Psalm 13, waarby spesifieke kontekstuele petisies tussen die onderskeie verse geplaas sou kon word om 'n spesifieke "klag" gesamentlik voor God te lê. 'n Gemeente sou dus die onderskeie verse van Psalm 13 sing, maar 'n petisie kan na elke vers voorgelees word met die doel om 'n spesifieke situasie in die gebed in te bring. Volgens Witvliet (1997) sou só 'n praktyk nie alleen nuwe lig op die psalms werp nie, maar lyding op 'n konkrete en eietyds-reëele wyse in die erediens aanspreek.

Brueggeman (1989:132vv.) argumenteer dat die betekenisvolle aanwendingsmoontlikhede van die klaagpsalms vandag veral geleë is in die geloofsuitgangspunt waarmee dit benader

word. Vir hom is dit 'n gegewe dat die klaagpsalms se trefkrag in die konkrete realiteite waarmee dit gemoeid is, geleë is. Hierdie outeur staan egter krities teenoor die valsheid van 'n aanbiddingsparadigma waarin daar geen ruimte vir pyn en lyding gelaat word nie:

> Thus I propose that *access into life is mostly through the resistant door of pain*. That door is a world kept closed by idolatry (of a god who does not suffer) and closed by ideology (of a system that never fails). That door of access is so resistant because our idolatry has turned pain to guilt, and our ideology has turned pain to denial. Because God can never do wrong, if something is wrong it must be our fault. And if the system contains all truth, what hurts must be denied. In the closed world of idolatry and ideology, our praise is permeated by guilt and denial. The pain is there right in the midst of praise, but it must be kept hidden, either by accepting fault for what is wrong, or by pretending nothing is wrong.

Meer onlangs wys Brueggeman (2005:588vv.) daarop dat die dringendheid van die klaagpsalms, asook die radikaliteit, eerlikheid en gewaagdheid daarvan, nie maklik binne konvensionele Calvinisme geplaas kan word nie. Brueggeman (2005:590) redeneer dat die wyse waarop God in die klaagpsalms aangeroep word, wegbreek van die aanvaarde geloofshouding van onderdanigheid, respek, dankbaarheid en gehoorsaamheid:

> The speech is incredibly daring and requires enormous theological *hutzpah* to speak against long-standing habits of incommensurability which, in the case of Job, are represented by his friends. [...] That such speech is provisional and is not normally sustained to the end of the Psalm, however, is no argument against its daring upheaval of conventional relationships (Brueggeman, 2005:592).

Brueggeman (2005:592) verklaar hierdie opmerkings in die lig van sy oortuiging dat die klaagpsalm 'n model vir religieuse interaksie bied wat gewoonlik op 'n vreugdevolle erkenning van God se almagtigheid en onmeetbaarheid berus, maar wat in ekstreme omstandighede tot een van sterk "onderlingheid" of "gemeenskaplikheid" oorgaan. Hy beskou hierdie model as onderliggend aan die vreemde en enigmatiese formulering: "waarlik God, waarlik mens". Dit is 'n uitgangspunt wat aan pyn 'n volle en legitieme plek voor God gee, en wat God ook vir hierdie pyn tot verantwoording roep. Die eerlikheid van hierdie geloofstandpunt, meen Brueggeman (2005:592vv.), ontbreek grootliks in postmoderne aanbidding.

Wat betref die plek van die sogenaamde wraakpsalms binne die konteks van huidige aanbiddingspraktyke, bied Bratcher (2011) die waardevolle perspektief dat ook hierdie groep psalms as uiters eerlike uitdrukkings van menslike smart en pyn gesien moet word. Bratcher (2011) voer dus aan dat hierdie psalms nie "verkersten" moet word deur te probeer voorgee dat hulle iets anders is as wat hulle is nie, of dat dit uit die Psalmboek weggeredeneer of selfs weggelaat moet word nie; eerder moet die bestaan daarvan erken word as 'n legitieme aanroep van God vanuit die diepste dieptes van menslikheid: "... we need to take them seriously as a valid biblical response to God in prayer from the depths of our humanity. Since we accept these psalms as Scripture for the church, we need to allow them to inform our theology rather than using our theology to change the psalms".

## SLOT

Daar kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die onverstaanbare misterie van menslike lyding 'n plek in die Psalmboek het, en dat hierdie tematiese fokus in die konteks van die glorieryke doksologie van die laaste groep psalms verstaan moet word. Om dit nogmaals in die

woorde van Futato (1999) te stel:

> … the structure of the Book of Psalms teaches us that the inexplicable suffering we endure in this life is also in some mysterious way part of the path to glory. In the perplexity of doubt and fear and anger and confusion, God meets us. And in this meeting we are changed. His glory transforms us into a greater likeness to his glory (2 Cor. 3:18). In the dark hour of the soul the Holy Spirit comes to us and testifies to us that we belong to God (Rom. 8:16). […] The Holy Spirit comforts us in our suffering with a comfort that we can then extend to others in a like manner (2 Cor. 1:3-11).

Ten slotte kan daar geargumenteer word dat die relevansie van die klaagpsalms vir die postmoderne leefwêreld moontlik juis daarin geleë is dat die kernboodskap van dié groep liede in terme van teenswoordige ervarings van lyding verstaan kan word deurdat die sing van hierdie liedere nie vandag as 'n abstrakte, konteks- of tydlose ervaring gesien behoort te word nie, maar dat dit, getrou aan die postmoderne gees, outentiek, kontekstueel, en individueel beleef en *deurleef* mag word. Dit beteken nie dat die klaagpsalms postmodern "her-interpreteer" of toegepas moet word nie; eerder sou daar geredeneer kon word dat die religieuse uiting van hierdie liedere só kragtig en kompromisloos is, dat dit uitsiglose opvattings van 'n teenswoordige gebroke realiteit radikaal uitdaag. Die klaagpsalms kan immers nie tot 'n aantal veralgemenings oor geloof of geloofsvertroue gereduseer word nie. Juis daarom dwing hierdie liedere gelowiges ook vandag tot nuwe opvattings oor geloof, die wêreld, en die Christen se plek binne die non-normatiewe konteks van lyding.

## EINDNOTAS

1. Onderhoud opgeneem as deel van Hertzler (s.a.) se webblad-artikel "Psalms of Lament in Relation to the other Psalms".
2. Lee (2005:229) dui aan dat die Ou-Testamentiese Verbond ook implikasies vir interpersoonlike verhoudings gehad het; in hierdie verband wys sy op Dawid se woorde aan Jonatan soos opgeteken in 1 Samuel 20:8: "Jy het my met 'n verbond van die Here aan jou verbind. Toon jou trou aan my, en as ek skuldig is, maak jý my dan dood". Bybelse teksverwysings in hierdie artikel maak gebruik van die 1990- Afrikaanse Bybelvertaling.
3. Berymings soos ontleen aan die Psalmboek van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 2001.

## BRONNELYS

Box, R. 1996. *Make music to our God: how we sing the psalms*. London: The Society for Promoting Christian Knowledge.

Bratcher, D. 2011. Patterns for life: structure, genre, and theology in Psalms. *The Voice: Biblical and Theological Resources for Growing Christians*. Beskikbaar op internet: http://www.crovpice.org/psalmgenre.html [Besoek op 5 Junie 2012].

Bredenkamp, V.J. 1981. *The concept of communion with God in the Old Testament with special reference to the individual laments in the Psalms and the 'Confessions*'. Ann Arbor, Michigan: University Microfilms International.

Brueggeman, W. 2005. The psalms in theological use: on incommensurability and mutuality. In *The Book of Psalms: Composition & Reception*. Edited by P.W. Flint & P.D. Miller. Leiden: Brill, pp.581-602.

Brueggeman, W. 1989. *Israel's praise: doxology against idolatry and ideology*. Philadelphia: Fortress Press.

Brueggeman, W. 1984. *The message of the Psalms: a theological commentary*. Minneapolis: Augsburg.

Connolly, T. 1994. *Mourning into Joy: Music, Raphael, and Saint Cecilia*. New Haven: Yale University Press.

Die Bybel. 1990. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

Futato, M.D. 1999. Suffering as the path to glory: the book of Psalms speaks today. *Modern Reformation*, March/April, pp.24-27.

Hertzler, J. s.a. *Psalms of lament in relation to other psalms*. Beskikbaar op internet: http://www.journey-through-grief.com/psalms-of-lament.html [Besoek op 20 Junie 2012].

Jankowitz, H.J. & Kruger, D. 2010. Die stand van Psalmsang in die NG Kerk. *Verbum et Ecclesia* 31(1):1-10.

Jankowitz, H.J. 2009. Die praktyk van liturgiese psalmsang in die NG Kerk in Suid-Afrika en Namibië. Ongepubliseerde proefskrif. Noordwes-Universiteit.

Jeremias, J. 2004. Worship and theology in the psalms. In *Psalms and Liturgy*. Edited by D.J. Human & C. Vos. London: T & T Clark, pp. 89-101.

Lee, S.H. 2005. Lament and the joy of salvation in the lament psalms. In *The book of Psalms: composition & reception*. Edited by P.W. Flint & P.D. Miller. Leiden: Brill, pp.224-247.

McKinnon, J. 1987. *Music in early Christian literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

*Psalmboek*. 2001. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.

Styron, W. 1980. *Sophie's choice*. New York: Bantam.

Ward, G. 1998. *The Postmodern God: A Theological Reader*. Malden, Massachusetts: Blackwell Publishers.

Westermann, C. 1981. *Praise and lament in the psalms*. Atlanta: John Knox Press.

Westermann, C. 1980. *The psalms: structure, content & message*. Minneapolis: Augsburg.

Witvliet, J. 1997. A time to weep: liturgical lament in times of crisis. *Reformed Worship*. [Online]. Beskikbaar op internet: http://www.reformedworship.org/magazine/article.cfm?article_id=539 [Besoek op 8 April 2012].